Godsdiens Gr 5 (b)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat besef dat godsdiens 'n baie belangrike rol in die lewe van die Afrikaner speel.
2. Te leer dat godsdiens 'n leefwyse is en nie net ‘n hulpmiddel nie.
3. Te help om die belofte wat ons afgelê het, na te leef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet wat die oorsprong is van:
   - Paasfees.
   - Huttefees.
2. weet wat beteken die volgende begrippe vir my as Christen:
   - Kruisiging.
   - Hemelvaart.
   - Opstanding.
   - Uitstorting van die Heilige Gees.
3. Inligting versamel oor die volgende:
   - 'n Bybelse dorp.
   - 'n Bybelse persoonlikheid.
   - 'n Meer of see uit die Bybel.
   - 'n Berg uit die Bybel.
   - ‘n Rivier uit die Bybel.
4. vyf gesegdes of idiome uit die Bybel versamel wat vandag nog gebruik word.
5. twee Bybelverhale koppel aan twee reëls van die Voortrekkerkode.
6. As span 'n item saamstel waarin ‘n reël van die Voortrekkerkode in ‘n Bybelverhaal vervat is en tydens 'n geskikte geleentheid opvoer. (Byvoorbeeld: Daniël se vriende in die vuuroond, omdat hulle geweier het om hulle kultuur prys te gee).
7. Twee nuwe geestelike liedjies aanleer.
8. Tydens een byeenkoms die godsdiens lei.
9. As groep saam 'n kerkdiens bywoon.

C AANBIEDING

1. Die kursusaanbieder moet die inligting self uit die Bybel en ander geskikte boeke versamel of opdrag aan die kinders gee om die inligting te versamel. Die inligting moet die volgende insluit: die herkoms van die fees, die wyse hoe die fees gevier is, gebruike tydens so 'n fees, die uitwerking wat dit vandag op ons feeste het. Die betekenis van die begrippe ken.
2. Bespreek as groep.
3. Sketse, prente en kaarte kan dit meer interessant maak en vir die uitstalling kan modelle bygevoeg word om dit meer insiggewend te maak.
4. Die kinders moet verstaan wat met die gesegde bedoel word en hy moet weet wat is die konteks waaruit die gesegde en idiome kom.
5. Bespreek die verskillende reëls van die Voortrekkerkode met die span en maak seker dat hulle die inhoud en opdrag deeglik verstaan. Laat die span dink aan verhale in die Bybel wat 'n spesifieke reël van die Voortrekkerkode mooi illustreer. Byvoorbeeld die reël oor diensvaardigheid - Die verhaal van die dienende Martha. Die reël oor Afrikanerskap - Die verhaal van Daniël wat selfs in die paleis van die

koning nie van sy waardes afgesien het nie. Die kind moenie net die storie kan uitken nie maar moet in staat wees om die verband raak te sien en ook die les wat dit oordra.

6. Die getal items sal wissel afhangende van die grootte van die groep. Ook die aantal deelnemers per item sal bepaal of net een of meer items aangebied moet word, want almal moet deelneem aan 'n item.
7. Opdrag duidelik.
8. Elkeen in die groep moet 'n beurt kry om die godsdiens te lei. Dit sluit in: 'n stukkie wat gelees word uit die Bybel, samesang en 'n gebed.
9. Opdrag duidelik